basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIOR SERTIFIKAAT/ NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V1

## NOVEMBER 2020

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede toon:

- Gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Gebruik en toepassing van visuele analise/ontleding en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede in 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Plaas van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die kleurafdrukke van die visuele bronne verwys waar dit vereis word.

6. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word NIE. Kruisverwysing van kunswerke is toelaatbaar.

7. Noem die kunstenaar en titel van ELKE kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.

8. Kandidate mag NIE beelde wat alreeds in ander vrae gebruik is, bespreek NIE.

9. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. 'n Lys met feite/tabelle word NIE aanvaar NIE.

10. Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde. Let op die puntetoekenning.

    - 6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy
    - 10–14 punte: 'n minimum van 1–1½ bladsy(e)
    - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye

11. Skryf netjies en leesbaar.

**LAAT HIERDIE BLADSY OOP.**

**BEANTWOORD ENIGE VYF VRAE.**

## VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

1.1 Bespreek die verskille in FIGUUR 1a en FIGUUR 1b.

Gebruik die volgende riglyne:


- Onderwerp
- Kleur en lyn
- Fokuspunt
- Perspektief
- Stemming/Atmosfeer
- Styl (10)

1.2 Skryf 'n opstel oor enige TWEE Suid-Afrikaanse kunswerke wat aan hulle onmiddellike omgewing uitdrukking gee.


Gebruik die volgende riglyne:

- Beskrywing van die spesifieke plek/omgewing van die toneel en die komposisionele aspekte
- Kunselemente
- Tegniek en media
- Invloede
- Styl (10)

**[20]**



FIGUUR 1a: Jacob Hendrik Pierneef, ***The Bush Camp of Anton van Wouw, Rooiplaat (Die Boskamp van Anton van Wouw, Rooiplaat)***, olie op doek, datum onbekend.



FIGUUR 1b: Siyabonga Skhosana, ***Urban Living (Stedelike Lewe)***, akriel op doek, datum onbekend.

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS**

| |
|---|
| Olaf Hajek, 'n Duitse kunstenaar, word deur sy reise na Suid-Afrika beïnvloed. Hy gebruik sy indrukke van Afrika as 'n vertrekpunt en kombineer dit met 'n gevoel van verwondering wat deur Afrika se natuurlike en kulturele skoonheid geïnspireer word. |

2.1 Bespreek hoe Hajek 'n gevoel van verwondering oor die natuurlike en kulturele skoonheid van Afrika uitdruk.

Verwys na die volgende:


- Natuurlike/Kulturele invloede
- Komposisie
- Perspektief
- Kleur
- Of sy indrukke van Afrika suksesvol is, of nie (10)

2.2 Bespreek TWEE kunswerke deur verskillende Suid-Afrikaanse kunstenaars (EEN werk per kunstenaar) wat die invloed van Afrika-simbole en kunsvorms in hulle werk uitbeeld.

Gebruik die volgende riglyne:

- Onderwerp
- Invloede van inheemse kunsvorms en simbole
- Kunselemente
- Styl en tegniek
- Moontlike betekenisse/boodskappe (10)

**[20]**



FIGUUR 2a: Olaf Hajek, ***The Big Collector (Die Groot Versamelaar)***, akrielverf en oliepastel op bord, 2016.

**VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's INGESLUIT**

Kunstenaars wat emosioneel deur 'n voorval geraak word, voel dikwels die behoefte om hierdie ervaringe visueel te dokumenteer. Pablo Picasso was geskok oor die bomaanval op Guernica, 'n plattelandse dorpie in noordelike Spanje, gedurende die Spaanse Burgeroorlog. Baie onskuldige vroue en kinders het in hierdie oorlog hulle lewens verloor.

Ayanda Mabula beeld baie jare later die weduwees uit van die mynwerkers wat tydens 'n staking by Marikana in Noordwes in Suid-Afrika doodgemaak is. Die Suid-Afrikaanse Polisiediens het op 16 Augustus 2012 op 'n groep stakende mynwerkers by Marikana begin skiet en 34 mynwerkers gedood en nog 78 ernstig gewond.

3.1 Neem die stelling hierbo in ag en skryf 'n paragraaf waarin jy bespreek hoe die kunstenaars in FIGUUR 3a en FIGUUR 3b hulle protes teen die ongeregtighede van die mensdom uitgebeeld het.

Jy kan na sommige van die volgende riglyne verwys:

- Beeldgebruik en simboliek
- Ooreenkomste en verskille
- Styl
- Betekenis en boodskappe
- Die kunswerk wat die sterkste emosie ontlok. Motiveer jou antwoord. (8)

3.2 Skryf 'n opstel waarin jy die kunswerk bespreek van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars wat jy bestudeer het, wat oor sosiale en/of politieke kwessies besin.

Gebruik die volgende riglyne:

- Kunselemente
- Komposisie
- Beeldgebruik en inhoud
- Styl (12)

**[20]**



FIGUUR 3a: Pablo Picasso, ***Guernica***, olie op doek, 1937.



FIGUUR 3b: Ayanda Mabulu, ***Marikana Widows (Marikana-weduwees)***, gemengde media op doek, 2012.

**VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA**

4.1 Kies FIGUUR 4a OF FIGUUR 4b en skryf 'n paragraaf deur die volgende riglyne te gebruik:


- Uitbeelding van figure
- Formele kunselemente
- Gebruik van perspektief
- Gebruik van patroon en simbole (8)

4.2 Skryf 'n opstel waarin jy TWEE voorbeelde deur Suid-Afrikaanse kunsvlyt-kunstenaars en/of geestelike/spirituele kunstenaars bespreek.


Gebruik die volgende riglyne:

- Onderwerp/Inhoud
- Invloede en inspirasie
- Kunselemente
- Gebruik van materiaal en tegnieke
- Funksie en/of boodskap (12)

**[12]**



FIGUUR 4a: Sibusiso Duma, ***Zionist Baptism (Zionistiese Doop)***, akrielverf op bord, datum onbekend.



FIGUUR 4b: Sibusiso Duma, ***When We Were Young (Toe Ons Jonk Was)***, akrielverf op bord, datum onbekend.

## VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORME IN SUID-AFRIKA

**Heinings, skeidings, versperrings, mure, grense en hindernisse beperk ons vryheid van beweging.**

Toe die Berlynse Muur in 1989 geval het, was daar nog 11 ander lande in die wêreld met grensheinings en mure. Teen 2016 het 70 lande nog grensheinings en mure gebou. Ai Weiwei pak hierdie kwessie in sy interaktiewe 300 stuk- openbare kunswerk aan, wat op verskeie plekke in die stad New York, Amerika, geïnstalleer is.

Die installasies in FIGUUR 5a en 5b maak deel uit van die uitstalling, *Good Fences Make Good Neighbours*, in New York.

5.1 Bespreek hoe Ai Weiwei die internasionale migrasiekrisis en die huidige globale politieke landskap aanpak deur die gebruik van nuwe media met verwysing na die volgende:

- Interpretasie en keuse van die plek/ligging
- Keuse van strukture
- Skaal van die kunswerke
- Dink jy dat hierdie installasies sy boodskap suksesvol oorgedra het? Gee redes vir jou antwoord. (8)

5.2 Vergelyk enige TWEE multimediakunswerke wat 'n sterk boodskap aan die publiek oordra en/of wat nuwe en onkonvensionele media gebruik om hulle betekenis oor te dra.

(12)
**[20]**



FIGUUR 5a: Ai Weiwei, ***Gilded Cage (Vergulde Hok)***, ingang na Central Park, New York, 2017. Verguld (met goud oortrek).



FIGUUR 5b: Ai Weiwei, ***Arch (Boog)***, Washington Square Park, 2017.

## VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NÁ 1994

FIGUUR 6a en 6b is twee tonele uit die William Kentridge film, *More Sweetly Play the Dance* (*Speel die Dans Nog Meer Soetsappig*). Die kyker is omring deur 'n vloer-tot-plafon-ervaring van bewegende beelde, tekeninge en klank.

6.1 Bespreek die verskillende Suid-Afrikaanse kwessies wat in beide kunswerke in FIGUUR 6a en 6b gesien word deur na die volgende te verwys:

- Visuele voorkoms
- Plasing/Aksies/Simbolisme van die figure
- Styl en keuse van medium (6)

6.2 Skryf 'n opstel oor TWEE kunswerke deur Suid-Afrikaanse kunstenaars wat identiteit in 'n demokratiese samelewing hanteer.

Jy kan die volgende riglyne gebruik:

- Formele kunselemente
- Styl en tegnieke
- Beeldgebruik
- Uitbeelding van identiteit
- Media
- Moontlike betekenis en boodskappe (14)

**[20]**




FIGUUR 6a: William Kentridge, ***More Sweetly Play The Dance (Speel Die Dans Nog Meer Soetsappig)***, 8-skerm-filminstallasie met vier megafone, 15 minute lank, 2015.




FIGUUR 6b: William Kentridge, ***More Sweetly Play The Dance (Speel Die Dans Nog Meer Soetsappig)***, 8-skerm-filminstallasie met vier megafone, 15 minute lank, 2015. Hierdie video kombineer lewende aksie en animasiefilmmateriaal.

## VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

Osborne Macharia, 'n fotograaf van Kenia, het 'n reeks foto's, genoem 'All Women', geskep. In hierdie reeks, ***I am Idol**, **I am Nurturer*** and ***I am Warrior (Ek is Afgod, Ek is Versorger*** en ***Ek is Kryger)*** stel hy vrouebemagtiging voor.

7.1 Dink jy dat die titels suksesvol in die werke (FIGUUR 7a, 7b en 7c) uitgebeeld word?

Ondersteun jou antwoord deur na die volgende te verwys:

- Styl, rekwisiete ('props') en agtergrond
- Kleur
- Kleredrag en liggaamstaal (6)

7.2 Analiseer die werke van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het wat geslagskwessies uitbeeld.

Jy kan die volgende in jou antwoord gebruik:

- Invloede
- Beeldgebruik
- Onderwerp/Inhoud
- Medium
- Styl en tegnieke
- Betekenis en boodskappe (14)

**[20]**



FIGUUR 7a: Osborne Macharia, ***I am Idol (Ek is Afgod)***, foto, 2018.



FIGUUR 7b: Osborne Macharia, ***I am Nuturer (Ek is Versorger)***, foto, 2018.



FIGUUR 7c: Osborne Macharia, ***I am Warrior (Ek is Kryger)***, foto, 2018.

## VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

Die Zeitz Museum van Kontemporêre Kuns Afrika (Zeitz MOCAA) is by die Victoria & Alfred Waterfront in Kaapstad gebou, die grootste museum van kontemporêre Afrika-kuns in die wêreld. Heartherwick Studios, VDMMA- en RBA-vennote het 'n ou historiese graansilo omskep en dit in 'n reeks galerye verander. Die museum het ses vloere en die Royal Portfolio Hotel beslaan die gedeelte wat eens die graanhysbak-gedeelte was, sowel as die vloere bokant die museum. Die vorm van 'n vergrote mieliepit of graankorrel was ook die inspirasie vir die interieur van die gebou.

8.1 Verwys na FIGUUR 8a en FIGUUR 8b en beantwoord die volgende vrae:

- Hoekom dink jy is die argitek geïnspireer om 'n ou, leë, historiese graansilo vir 'n moderne kunsmuseum te gebruik?
- Die ruimte van die interieur is op 'n unieke wyse geaktiveer. Hoe reageer jy op die ruimte/skaal soos in FIGUUR 8b gesien word?
- Gee redes waarom jy dink die argitek besluit het om ook 'n hotel as deel van die algehele ontwerpplan in te sluit. (8)

8.2 Bespreek enige TWEE Suid-Afrikaanse geboue/strukture wat jy bestudeer het.

Verwys na die volgende in jou opstel:

- Funksie
- Gebruik van materiaal en tegniek
- Stilistiese kenmerke/Dekoratiewe kenmerke
- Moontlike invloede
- Omgewingskwessies (12)

**[20]**

**Silo:** Groot industriële silindriese betonstruktuur waarin graan gestoor word



FIGUUR 8a: Buite-aansig van die ***Museum van Kontemporêre Kuns Afrika (Zeitz MOCAA)***, Heatherwick Studios, Van Der Merwe Miszewski- (VDMMA) en Rick Brown-vennote (RBA), Kaapstad, 2017.



FIGUUR 8b: Interieur-aansigte van die Zeitz (MOCAA) Kunsmuseum.

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou